Ges. 36:1,4 **Die Gerig van God maak Woonplek.** A. Kp, 23 Okt '60
" 52:2,7. Belydenis
" 155:5
" 156:5.

Sagaria 5:1-4

Sag. 5:4 - Ek laat dit uitgaan, spreek die Here van die leërskare

God is besig om aan hd. kneg v. Hom, Sagaria, belangrike waarhede oor Kerk en wêreld duidelik te maak in die vorm van 8 naggesigte, elkeen gekle in die vorm van 'n visioen met sy besondere beeldspraak. Hier laat God Sagaria 'n vlieënde boekrol van geweldige afmetings sien (30'x20') wat deur d. lug trek en die land skoonvee van die dief en d. persoon wat vals sweer. En God sê: Teks

Om die diepe erns & krag van hd. visioen te verstaan moet ons net eers die simboliek verduidelik:

Die [~~vlieënde~~] boekrol is die simbool van die woord v.d. lewende God soos dit deur d. eeue heen opgeteken en bewaar is op perkamentrolle en soos Israel hulle maar alte goed geken het. Dit was hulle in die tempel bewaar & gelees is. Dis die wd. v. God, die boek van lewe en hoop wat uitgaan na die uithoeke van die aarde. Dis die stem van God wat in sy heiligheid en erns gehoor word. Die geweldige grootte (30'x20') wys nie net op sy omvang, sy duid. sigbaarheid sodat elkeen d/v. kennis maak word nie, mr. dit wys ook op sy heiligheid - soos meuspieël in sy mate wat presies dies. is as d. tabernakel se heilige deel (Ex. 26), en die voorportaal v.d. Tempel v. Salomo.

Vlieënd: Hier lê die boekrol nie matig nie, dit

word nie deur iemand in die hand gehou nie — nee: dit waai deur die hemelruim, oor berge en dale. So gaan dit met Gods Wd: by tye alles matig, gelykmatig, sonder roering of beweging. // Maar dan skielik kom Gods Wd met stormgeweld in 'n mens en 'n volk se lewe, met krag en vuur, met erns en aangryping as woord nie net van liefde en vrede maar ook van oordeel en geregtigheid. Dis asof die gees van God dit dryf en voortstu met ongekende spoed en krag.

Oor die ganse land (v. 3): Die land hier is eerstens Israel, dus oor die volk van God. God is besig met sy volk, sy kerk — en Hy laat sy woord uitgaan oor die ganse land: Hy vergeet niemand nie, maar Hy verskoon ook niemand nie. Maar sy woord raak nie net sy volk nie — dit raak die hele aarde, die wêreld met al sy bewoners:

Dief: Dit tref eerstens d. dief. Die diewe word eerste genoem omdat d. dief iemand is wat die bestaan m.d. medemens onmoontlik maak. Waar daar bv. 'n dief in 'n ~~k~~huis is, daar wantrou al die inwoners later mekaar: niemand leef later gelukkig en rustig nie. Die dief maak die maatskappy onmoontlik. Baie soorte diewe: ryk v arm, bedek en openlik, fatsoenlik v onfatsoenlik — die werkgewer wat sy personeel uitsuig; die werknemer wat sy werkgewer se tyd steel

Valsweerder: Dis iemand wat die bestaan met God onmoontlik maak omdat hy d. heilige naam v God gebruik as dekmantel om sy eie valsheid te verberg. Sodoende maak hy d. voortbestaan v.d. staat onmoontlik: omdat hy d. waarheid belieg maar d. leuen bedryf. So iets gevaarlik omdat wanneer die mens in sy verhouding tot God nie meer waaragtig en opreg is nie, kan hy op d. lang duur nie as staatsburger bestaan!

Teen hd. twee groepe, as verteenwoordigers van alle misdadigers en alle sondaars, tree die Wd. v. God op. Dis nie 'n toevallige optrede nie: God sê self:

„Ek laat dit uitgaan, spreek die Here v.d. leërskare:

Dis God self wat optree: Hy wil die aarde skoonmaak van alle onreg v geweld & aan d. mens 'n gelukkige bestaan gee // Mr. God doen dit eerstens omdat Hy by sy volk, by sy kerk wil woon. God soek 'n heilige volk om by te woon — en as ons dit nie is nie, dan kom Gods oordeel en gaan soos 'n stoot-skraper alles wegstoot wat onheilig v ongeregtig is, sodat God weer onder ons kan woon. Daarom het God sy Seun gestuur: om alles wat misdadig & sondig is self te dra, op die plek v.d. dief v die meinedige te staan; daarom het Hy sy H.Gees gestuur om 'n nuwe gemeenskap te stig, sy kerk, dat dd. gemeenskap aan ~~om te~~ vertoon alles wat heilig & regverdig is.

→ En nou kom 'n groep jongmense vrywillig om in die kerk ingelyf te word, om te kan sê: Ons wil toetree tot hd. nuwe volk v. heiliges waaraan alle Christene behoort (ons. familie). Met reg kan hulle vra: Wat sal ons hier vind? Wie sal ons hier vind? God wat woon onder sy volk? Xtus wat regeer oor sy kerk? Die lewende Woord wat uitgaan v [illegible]? 'n Gemeenskap waarin die dief en die valsweerder nie kan bly voortleef nie? Vind hulle 'n gemeenskap waarin reinheid en waarheid en geregtigheid en heiligheid gesoek word?

En as hulle ontdek dat daar in hd. Kerk, hd gemeenskap van Christene, baie gewoontes, opvattinge, gebruike, optredes is wat nie ooreenstem met Gods Wd, met Xtus se gesindheid, en hulle begin vrae vra: Wat antwd ons dan? En as ons geantwoord het, wat doen ons — en hulle? As daar enigiets in die Kerk v. Xtus is, enigiets in die gemeenskap van Gods volk, wat die toets v.d. beeksal van Gods Wd nie kan deurstaan nie, ~~wat daa~~ is ons bereid om in die naam v. God dit aan te durf en reg te stel?

Maar ook u, jong gelowiges, u mag nie agter u ouers, u Ds., die Kerkraad, of die Kerk gaan skuil nie: u het nuwe. besluit om belydenis van u geloof te doen. U het uself nuwe ... onder die teug van Gods Wd. Kom klaar. Nooit mag u uself van hulle afskei, onverskillig eenkant staan, kwaaddenkend v. kritiseer nie: u word nou deel van die Kerk, u dra nou saam aan d. sonde v. skuld v.d. Kerk,

— Die wonder: Xtus het dit alles reeds vir ons almal gedra. Sy Heilige Gees gegee om in nuwe gemeenskap te stig en te besiel en voor te lig. Hoef nooit meer te wees nie!

Maar u taak: 1) Beeksal oopmaak en oophou — elke dag 2) Die waarheid daarin uitdra —